

5 Mei - GUNS

Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-12

Fokusgedeelte: Spreuke 3:1-4

Ken jy die Here? Is Hy vir jou 'n werklikheid? Om die Here te ken, moet ons begin by die Bybel. Die Spreukedigter sê nie verniet nie: *“My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker ...”*

Wie luister na die Woord, vind uit dat hy voluit lewe en vooruit lewe. Wie God deur sy Woord leer ken, kry koers en rigting in sy lewe.

Mense wat God regtig ken, vertoon boonop 'n soort karaktertrek. Hulle manier van lewe word uitgeken aan liefde en trou (vs 3). *“Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart.”* Dit is verbondstrou en verbondsliefde (*chesed* en *emet*).

Soos 'n seëlring om die hals gedra is, en kontrakte in klei met dié ring beklink is, so moes liefde en trou in die hart afgedruk lê. Verbondsliefde vir die Verbondsgod, vasgebind in jou hartkamers.

Godsdien is nie bloot 'n ding wat gebeur nie – dis 'n verhouding met 'n lewende Persoon, vasgebind in betroubare bande. Christus verseker ons van hierdie liefdes- en verbondsbande. Deur Hom het ons 'n ewige genadeverbond. Deur Hom kan niks ons meer skei van God se liefde nie (Rom 8:39).

Die oomblik as jy met God in verbinding gekom het, deur Christus ingebind is deur liefde en trou, dan leef jy uit hierdie liefdes- en verbondsbande met God. Mense sal dit raaksien – jy het verander. Dit is juis wat die Spreukedigter sê in vers 4: *“So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens.”*

Mense sal sien en weet dat God van jou hou. Mense sal na jou opkyk vir raad en wysheid. Wie in 'n geseënde band met God lewe, maak dikwels ook opgang voor mense.

Sing: Skrifberyming 15-1:2, 3

Ds TJ Potgieter (Port Elizabeth)